e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

2 Februarie 2012
Jaargang 5 – Uitgawe 1

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

'n Gelukkige gesinslewe kom nie vanself nie

'n Gelukkige gesinslewe kom nie vanself nie. 'n Mens moet hard daarvoor werk. Dit is soos 'n huis wat jy bou. Alles moet netjies beplan word. Baie dinkwerk is nodig om dit 'n lekker plek te maak. Fyn smaak is nodig om dit mooi te maak. **(Spreuke 24: 3, 4, *Die Boodskap*)**

Om in 'n liefdevolle en stabiele gesin groot te word, is seker die grootste geluk wat enigeen ooit te beurt kan val. Dit is bo alle twyfel die toppunt van aardse seëninge. Niks, nie die wen van die Lotto, of die kroning as Mej Suid-Afrika, of om buitengewoon begaafd te wees, kan enigsins daarmee vergelyk word nie. Dit bied immers aan elke kind die beste geleentheid om in 'n gebalanseerde mens en 'n verantwoordelike volwassene te ontwikkel. Daarmee kan die teleurstellings van die lewe oorkom, en sukses wat daar mag wees, hanteer word.

Die gesinslewe is 'n absoluut unieke ruimte. Daar is geen ander verhouding wat daarmee vergelykbaar is nie. Naas (of miskien moet ons ook sê: saam met) die huwelik, is dit die ruimte waarbinne mense in die nouste verbintenis denkbaar met mekaar staan. En wat in so 'n gesinslewe gebeur, is bepalend vir die res van diegene wat daarvan deel is se lewens.

Vandag word die begrip *gesin* baie breër verstaan as vroeër. Die tradisionele gesin, bestaande uit 'n pa, ma en hul kinders, is lank nie meer die enigste gesinsvorm nie. 'n Mens kan selfs sê dat dit nie eens meer die algemeenste gesinsvorm is nie. Daar is baie soorte gesinne, soos die enkelouergesin, die hersaamgestelde gesin, die pleeggesin, die uitgebreide gesin, om maar 'n paar te noem. Daar is selfs in ons dae die gesin met twee ouers van dieselfde geslag. Dan is daar ook gesinne waar twee bejaardes 'n al hoe kleiner wordende leefruimte in 'n aftreeoord deel. Hulle bly tog 'n gesin en word nie 'n blote besoekpunt ter wille van gemeentelike statistieke nie. Later bestaan daardie gesin miskien net uit die langslewende wat 'n kamer in 'n ouetehuis bewoon.

Al hierdie verskillende gesinsvorme wil aan diegene wat in watter lewensfase en omstandighede ook al deel daarvan is, 'n veilige hawe van liefde, versorging, aanvaarding, sekuriteit, struktuur en 'n gesonde waardesisteem bied. 'n Gevoel van behoort moet daarin ervaar word. Waar kinders ter sprake is, is hierdie dinge natuurlik in oortreffende terme van belang. Dit wat jy as kind in 'n ouerhuis beleef en ontvang, sal uiteindelik deel van jou bly regdeur jou hele lewe.

Die praktyk van ons gesinslewens in die algemeen toon 'n prentjie waarin hierdie mooi dinge wat oor 'n gesin en sy lede gesê kan word, uiters gebrekkig, en in baie gevalle selfs totaal afwesig is. Die mooi bedoeling met ons gesinne en die potensiaal wat daarin opgesluit lê, realiseer eenvoudig nie. Hierdie feit word voortdurend geïllustreer deur statistieke wat 'n jammerlike toestand van verval in die gesinslewe aantoon.

Juis daarom is dit so nodig dat ons weer sal hoor wat in Spreuke 24: 3, 4 staan. Dit is inderdaad so: 'n Gelukkige gesinslewe kom NET deur harde werk. Hoe gouer ons dit besef en daadwerklik begin werk daaraan, hoe beter sal dit vir onsself, vir ons gesinne en vir ons gemeentes wees.

Dit is juis wat ons wil doen op 11 Februarie – ons wil (begin?) werk.

Ds Danie van der Watt
Gemeente Montana

(Sien bladsy 3 vir die reëlings rakende die Gelowige Gesinne Gesprek van 11 Februarie by Gemeente Montana)

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk	**www.nhk.co.za**
Die Hervormer	**www.hervormer.co.za**
e-Hervormer	**www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat ’n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds Riaan Botha

Ds Berend Greyling

Beroep aanvaar

- **Ds Riaan Botha** van Steelpoort na Standerton
- **Ds Berend Greyling** van Bethlehem/Reitz na Grootfontein/Tsumeb

Beroep bedank

- **Ds Chris Liebenberg** van Warmbad na Ventersdorp

Ds Chris Liebenberg

Vakante standplase

- **Gemeente Waterberg** beskik oor ’n **vakante volsorgstandplaas**. Die gemeente is geleë in Nylstroom/Modimolle, ’n plattelandse dorp, die hoofsentrum en poort na die Waterberg-streek. Staatsdepartemente vir die streek, boerdery en in ’n toenemende mate toerisme vorm die belangrikste bedrywighede in en om die dorp. Nylstroom is ook ’n gewilde aftreebestemming.

  Die gemeente bestaan uit 849 lidmate, waarvan 736 belydende lidmate is. 14% van die lidmate is jonger as 18 jaar; 20% is 19 tot 45 jaar; 16% tussen 45 en 60; 50% ouer as 60 jaar. Daar word van die predikant verwag om volgens Ordinansie 2.1.5 sy taak te verrig. Die bedieningsplan fokus op bejaardesorg, maar spesifieke aandag moet ook aan die jeug gegee word. Voorkeur en vaardighede in hierdie bedieningsterreine sal tot voordeel van ’n kandidaat strek.

  Aansoeke moet die gemeentelike kerkkantoor **voor of op 13 Februarie 2012** bereik. Predikante en proponente kan hul besonderhede stuur aan die skriba, Charl van Rooyen, per e-pos na **charl@optimaxmail.co.za** of **hervormwaterb@telkomsa.net**, of faks na 086 695 5413 of 086 260 0934. Die Kerkraad sal die kandidate op ’n beroepslys plaas, waaruit ’n kortlys saamgestel sal word. Hierdie kandidate sal dan vir ’n preekgeleentheid en onderhoud genooi word. Die Kerkraad behou die reg om ’n predikant te beroep wat nie op hierdie advertensie gereageer en aansoek gedoen het nie.

Ds Frik Engelbrecht

Prof Hennie van der Westhuizen

- **Gemeente Steelpoort** beskik oor ’n **vakante volsorgstandplaas**. Die gemeente het ’n eie kerkgebou en pastorie, en bestaan uit ongeveer 200 belydende lidmate. Die bedieningsarea strek hoofsaaklik oor die hele Steelpoort en Burgersfort sowel as enkele aangrensende gebiede. Navrae kan aan die voorsitter van die beroepskomitee, Frank Jacobs, by 083 380 5346 gerig word. Enige belangstellende predikant of proponent kan ’n volledige CV **voor of op 15 Februarie 2012** aan hom stuur by **frank@tecseal.co.za**. Die Kerkraad is nie verplig om uit die groep aansoekers ’n beroep uit te bring nie.

Prof Eddie Engelbrecht

Ds Hannes Viljoen

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Alle lief en leed vir plasing in die kerklike publikasies moet aan die Sekretaris vir SENTIK, dr Wouter van Wyk, by **wouter@nhk.co.za** gestuur word, of skakel hom by 082 339 2332.

Ds Adam Zwarts

Ds Wynand de Beer

- Ons sê by voorbaat geluk aan die **emeritipredikante** wat vanjaar **ampsjubileums** vier. Ds Frik Engelbrecht vier sy **60ste ampsjubileum**, en prof Hennie van der Westhuizen, prof Eddie Engelbrecht, ds Hannes Viljoen, ds Adam Zwarts en ds Wynand de Beer hul **50ste jubileum**. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) het hulle genooi om op Donderdag 7 Junie saam met die Kommissielede middagete te geniet.

- **Ds Theuns en Adri Botha**, voorheen van Gemeente Ottosdal, se kontakbesonderhede verander vanaf 1 Maart aangesien hulle verhuis. Hul posadres is dan Posbus 1210, Bulawayo, Zimbawe (geen kodes word gebruik nie). Die pastorie/huis se straatadres is Barclayweg 12, Burnside, Bulawayo. Die kerk se straatadres is hv 13de Laan en G Silundika-straat, Bulawayo. Selfoon: +263 77 700 8324. Pastorie: +263 9 240508. E-pos: **camelhors@gmail.com**.

- Die lede van die **Eendrachtkring** word herinner aan hul ontbytbyeenkoms op **Donderdag 23 Februarie** om 09:30 vir 10:00 in die kerksaal van Gemeente Pretoria-Oos, Delyweg 100. Antwoord asseblief op die laatste **teen 20 Februarie** by Johanna Steyn, 012 348 2932 of 082 749 3071, of Hendrien Swart by 012 654 9766 of 083 722 3653.

- **Amptelike opening van die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM)**
  Datum: Dinsdag 7 Februarie
  Tyd: 09:00 tot 11:00
  Plek: Raadsaal, Dirk van der Hoff-gebou
  Spreker: Prof Natie van Wyk
  Tema: Kategese – insigte van Augustinus en Zacharias Ursinus
  Oorhandiging van toekennings: Dr Frikkie Labuschagne en mnr Elmar Struwig
  Vingerete na afloop van verrigtinge
  Dosentevergadering: 11:00 tot 14:00

- **Amptelike opening van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK)**
  Datum: Woensdag 15 Februarie
  Tyd: 14:30
  Plek: Gemeente Philadelphia
  Spreker: Prof Yolanda Dreyer
  Tema: Praktykopleiding van teologiestudente vandag
  Ook dr Christo van der Merwe se eerste opening as hoof van die HTK
  Afskeid van prof Theuns Dreyer
  en oorhandiging van TFJ Dreyer-huldigingsbundel
  Oorhandiging deur prof Andries van Aarde (redakteur: *HTS*)
  en prof Yolanda Dreyer (mederedakteur: *HTS*)
  Vingerete na afloop van verrigtinge

- **Vloedskade in die Hoedspruit/Kampersrus-omgewing.** Ds Hennie Louw en Gemeente Kampersrus bedank graag al die persone wat skenkings en beloftes van skenkings gemaak het na die afgelope tyd se vloedskade. Gemeente Laeveld het intussen ook water voorsien. Bydraes tot die Jurg van Zyl Vloedrampfonds kan aan die gemeente se kassier, Tom Dreyer, by 083 320 9738 deurgegee word, of aan ds Louw by 084 508 7849.

- Die **Maranatha Reformed Church of Christ** (MRCC) in Khutsong, Carletonville, het ’n saal geskenk gekry waarin hulle op ’n Sondag eredienste en kategese kan hou, maar die saal is leeg en hulle kort **toerusting** om aan die gang te kom. Gemeente Wonderfontein vra of iemand hulle kan help. Hulle benodig 50 stoele om op te sit en ’n kateder vir die predikant om by te preek. Kontak ds Ramoba by 018 783 1605 of 074 559 5229.

- **GELOWIGE GESINNE GESPREK.** Die Raad vir Gesinsorg en die Werkspan vir Jeugbediening nooi gesinne van ons Kerk uit om op **Saterdag 11 Februarie** van 09:00 tot 15:00 saam te kom gesels oor die waarde van gelowige gesinne. Dit vind plaas by **Gemeente Montana**, hv Azanza- Jan Bantjiesstraat, Montana, Pretoria. *Veraf gemeentes kan twee of drie gesinne stuur en nader gemeentes kan meer stuur.* Die koste vir die dag beloop tussen R60 en R120 per gesin, afhangende van die getal gesinslede. Dit sluit in koffie, tee en verversings, ’n middagete en gedrukte gespreksmateriaal. Koeldrank sal te koop wees. **Om in**

te skryf en deel te neem, skakel die Montana-kerkkantoor by 012 567 1753, ds Danie van der Watt by 082 572 4855, of ds Thinus van Staden by 084 589 7035. **Onthou: Inskrywings sluit op 3 Februarie.**

- **Johannesburg se Ringsdiakensvergadering** vind op Saterdag 14 April om 07:30 plaas by die Nederlandssprekende Gemeente, Maranathakerk, Sherborneweg 3, Parktown.

- **Gemeente Eendracht** word **100 jaar oud op 20 April 2017**. Vanjaar is dit hul 95-jaar-vieringe. Hulle vra dat lidmate en ampsdraers hulle moet voorsien van foto's en/of inligting, veral oor die jare voor 1970, vir opname in die feesbundel wat met die 100-jaar-vieringe uitgegee sal word. Predikante soos ds MJ Goddefroy, ds J van Belkum, ds Van Warmelo, ds JJ Prinsloo asook prof Muller was op verskillende maniere betrokke by die beginjare van Eendracht. Dit sal veral gepas wees om rondom die vroeë jare van die gemeente se ontstaan inligting en foto's te kry. Kontak ds Werner Olivier by 082 412 7144, 017 683 0067 of **werner.olivier69@gmail.com**.

- **Gemeente Buffelspoort** (by Mooinooi) beskik oor 'n vakature vir 'n **orrelis**. Stuur aansoeke aan mev Sarie van den Berg by **marikana@nhk.co.za**, of kontak haar by 083 654 0626.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en 'n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by **nhkdullstroom@yahoo.com** of 072 116 3353.

Spesiale eredienste

- **Gemeente Kampersrus** neem op **Sondag 5 Februarie** afskeid van **ds Hennie Louw,** wat sedert 2009 in die gemeente werksaam was. Die diens begin om 11:00 in die kerkgebou op erf 73, Kampersrus. Kontak die skriba, Theo Rosslee, by 082 896 7227 of **rosslee@webmail.co.za** vir meer besonderhede. Ds Louw het die beroep na Gemeente Newcastle aangeneem, waar hy op Sondag 26 Februarie om 09:00 bevestig word.

- **Gemeente Reitz** is op 2 Februarie 1992 gestig. Op **Sondag 5 Februarie** om 07:30 word 'n **spesiale dankdiens** gehou om die 20 jaar te gedenk, en stigterslede, oudlidmate en oudkerkraadslede is welkom om die erediens by te woon. Daar sal tee en koffie na die diens bedien word. Laat weet ouderling Wynand le Roux by 082 781 3988 indien u die geleentheid gaan bywoon.

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 10 Februarie, en word hartlik geluk gewens.**

o Vrydag 3 Februarie	Di Tinus Mc Donald (siekte-emeritaat) en Almero Oosthuizen (Meyerton-Suid)
o Sondag 5 Februarie	Ds Lisa-Mari Swanepoel (Sasolburg-Suid)
o Maandag 6 Februarie	Di Andorette Hill-Jowett (siekte-emeritaat) en Johan Holtzhausen (Orkney)
o Woensdag 8 Februarie	Ds Jakkals Janse van Rensburg (Paarl)
o Donderdag 9 Februarie	Di Lydia Miller (buiteland), Ferdie Nortjé (Outeniqua) en Freddie Nortjé (Bergsig)
o Vrydag 10 Februarie	Prof Schalk Botha (emeritus), di Dalene Lourens (Selcourt) en Jaco Vogel (Rooihuiskraal)

Beplande vergaderings

- Vrydag 3 Februarie: Predikantepensioenfonds
  Personeelpensioenfonds
- Maandag 6 Februarie: Raad vir SENTIK
- Dinsdag 7 Februarie: Opening van AIM
- Woensdag 8 Februarie: Sekunduskommissie
- Donderdag 9 Februarie: Sekunduskommissie
- Vrydag 10 Februarie: Moderamen

Beskikbare behuising

- **Huis Tafelberger.** Nuutopgeknapte kamer beskikbaar vir **selfversorgende bejaarde**. Huis Tafelberger is geleë in Monte Vista, Kaapstad, en is een van die tehuise van die NHSV. Navrae aan die voorsitter, mev Anna Hanekom, by 021 872 6301, of mev Joan van der Westhuizen by 021 558 6575, of ds Kathleen Smith by 021 551 5264.

Kampe en wegbreke

- **Gemeente Lydenburg: Huweliksverrykingseminaar**
  2 tot 4 Maart
  By Floreat Riverside Lodge in Sabie
  Ds Thinus van Staden van Gemeente Montana is fasiliteerder
  (Thinus is besig met PhD in Gesinsbediening
  en is 'n Imago-verhoudingsterapie-fasiliteerder)
  Koste R2 200 per paar (sluit 3-ster-verblyf op oewer van Sabierivier, heerlike kos en uitstekende spreker in)
  Kontak ds Willie Botha by 082 786 3458 of **wbot@absamail.co.za**
  of Liesie by 013 235 3554, of **nhglydenburg@xsinet.co.za**

- **Gemeente Montana: Vrouekamp**
  9 tot 11 Maart
  By Mopani Lodge, net buite Pretoria
  Tema: *Steek 'n petunia in jou hoed en skaterlag!*
  Spreker ds Janine Bevolo-Manders
  R500 per persoon
  Vir navrae of besprekings: Jana Peenze 083 734 5426
  of **janapeenze@vodamail.co.za**

Fondsinsamelings

- **Van Rensburg Monumenttehuis in Danville: Klap-'n-Tekkie**
  Saterdag 10 Maart
  1, 5 en 10 km pretloop by Fonteinedal Pretoria
  R25 inskrywingsfooi vooraf, maar R30 op die dag
  Vir inskrywings en navrae kontak Elma by 082 954 7955
  (**ruelma@vodamail.co.za**)
  of Elna by 083 443 9373
  of besoek **www.klapntekkie.co.za**

Basaars en markte

- **Saterdag 25 Februarie: Gemeente Leeudoringstad: NHSV Pienkbasaar**
  Vanaf 09:00 op gemeenteterrein
  Tema: *Sand en see*
  Seremoniemeester Gretha Pers (pers heks van die ATKV)
  Kosstalletjies met lekkernye vir die vrouens
  Tuisgemaakte geskenke

Uitstallers met juwele, kinderklere en ander kinder- en bababenodighede
Babakompetisie 0 tot 24 maande, dooprokuitstalling
Veiling van koeke vir kinders
Vermaak vir kinders
Manne welkom!
Kontak Thea van Rooyen by 073 723 9883

- **AMANZIMTOTI**
  Luukse vakansiewoonstel te huur
  Reg op hoofstrand, met swembad
  2 slaapkamers (6 beddens)
  3 badkamers, luukse kombuis, DStv
  24-uur-sekuriteit, onderdakparkering
  Loopafstand van alles
  Vanaf R340 per dag
  Skakel 014 736 5149 (w) of 072 209 8809

Mev Sarie Roux

Cecile en Jannie Spies

ANDER NUUS

- **Mev Sarie Roux** van die Sinodale Kerkkantoor se Finansies-afdeling se babadogtertjie Chloe is op 15 Januarie op 32 weke gebore en het net 1,4 kg geweeg. Chloe is steeds in intensiewe sorg in die hospitaal maar dit gaan onder omstandighede goed met die baba en die mamma. Ons wens Sarie, Rudie en klein Candice, hul ander kleinding, baie sterkte toe.

- Ons plaas graag hierdie mooi foto van **Cecile en Jannie Spies** wat op 16 Desember in die huwelik bevestig is. Cecile is die Bibliotekaris by die Sinodale Kerkkantoor. Baie geluk aan die stralende egpaar!

- **Mev SAC (Terie) van Zyl**, wat van 1974 tot 1993 in die Ouditafdeling van die Sinodale Kerkkantoor gewerk het, is op 30 Januarie oorlede. Sy was ’n inwoner van Ons Tuis. Sy sou vandag, op 2 Februarie, 84 jaar oud gewees het. Die teraardebestelling is op Dinsdag 7 Februarie om 09:00 by die Zandfontein-begraafplaas, en die dankdiens om 10:30 by Gemeente Wonderboom. Ons innige simpatie gaan aan haar naasbestaandes.

- **NEDERDUITSCH HERVORMDE SUSTERSVERENIGING**
  Redakteur van *Die Christelike Vrou*
  Die NHSV-hoofbestuur wag aansoeke in vir die pos van redakteur van die maandblad *Die Christelike Vrou*, om diens te aanvaar op 1 Maart 2012. Dit is ’n deeltydse pos. Die geskikte kandidaat moet oor die volgende beskik:

  Vereistes
  Lidmaat van die NH Kerk van Afrika.
  Naskoolse kwalifikasie in taal, joernalistiek of kommunikasie.
  Ervaring van uitgewery, taalversorging, redigering, joernalistiek.
  Kennis van en betrokkenheid by NHSV-sake.

  Vaardighede
  Taal- en skryfvaardigheid; goeie menseverhoudings; rekenaargeletterd; kreatiewe vermoë; administrasie- en organisasievermoë; vermoë om by sperdatums te hou; vermoë om in ’n span saam te werk; vermoë om ’n span te motiveer.

  Aangesien *Die Christelike Vrou* deel vorm van *Konteks*, word van die redakteur verwag om ook by die redaksie van *Konteks* betrokke te wees asook in noue samewerking met die *Konteks*-redakteur en -produksiespan te kan funksioneer. Die redakteur dien ook ampshalwe in die Raad vir SENTIK.

Sluitingsdatum is **10 Februarie 2012**. Onderhoude vind die middag van 17 Februarie 2012 plaas. **Stuur CV voor of op 10 Februarie 2012 aan nhsvhoofbestuur@nhk.co.za**, of faks na 086 693 7955, of kontak NHSV-kantoor by 012 325 0117.

- **DIE ONDERSTEUNINGSRAAD: VAKATURES**
  Daar is tans poste vir gekwalifiseerde Maatskaplike Werkers by:
  - Brakpan
  - Krugersdorp
  - Potchefstroom
  - Vanderbijlpark.

  By die Pretoriakantoor is 'n pos vir 'n Afrikaanssprekende, gekwalifiseerde Hulp-maatskaplike-werker wat oor 'n geldige rybewys beskik.

  Kontak Mariaan Steenkamp by **mariaans@nhk.co.za** of Charmaine Fourie by **oraadpb@nhk.co.za**, 012 322 8885 x313 of 071 684 7796.

- **KOM TOER SAAM!**
  13 tot 19 Februarie Kaapstad
  Vlieg af en kom met luukse Premier Classe-trein terug
  Besoek Tafelberg, Akwarium, Waterfront, Kirstenbosch, Kaappunt, bootrit by Houtbaai
  Teen weggeeprys van R6 500 per persoon
  20 tot 26 Februarie Drakensberg
  Noordelike, sentrale en suidelike deel
  Royal Natal Nasionale Park, kragstasie, Didima Rock Art Centre, Drakensberg Seunskoor, 4x4-rit Sanipas, die dak van Afrika!
  Slegs R4 995 alles ingesluit!
  1 tot 8 Maart Amanzimtoti
  Seevakansie vir slegs R3 440!
  13 tot 19 Maart Serengeti
  'n Belewenis!
  Vir 2012 se jaarprogram, kontak Elzette Minnaar Toere by 012 546 0770
  Stuur SMS na 082 761 7115 of e-pos na ***lztoere@iburst.co.za***

- **ADVERTENSIES waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word.** Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059 of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:
  Raad van Finansies
  ABSA Bank
  Tjekrekening nommer 020-000-287
  Takkode 632-005
  Verwysing: u naam + e-Hervormer Ads

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar **(uiters 100 woorde)** stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad by **www.nhk.co.za** gestuur word. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

- "Hierdie is nie gemik op enige besondere persoon nie, dit gaan oor goeie Afrikaans. Oudl Freda Wilkens se bemoedigende voorbladartikel van 26 Januarie laat my weer dink aan die gebruik van die woordjie *leerder/s*. Dis weer 'n modewoord soos wat *huidiglik* en ander was. Ons het die pragtige woord *leerling/e* in Afrikaans, waarom dit nie gebruik nie? Ek besef die onderwysowerhede gebruik die Engelse woord *learner/s*, en dit het aanleiding gegee tot die skepping van die lelike woord *leerder/s*, maar dit moenie ons goeie Afrikaans in die wiele ry nie."

Emeritus ds Dirk Stoltz

AGTERBLAD

Amper daar!

Die finalejaar teologiestudente is van 1 tot 23 Februarie besig met hul praktiese afronding by die Sinodale Kerkkantoor. Hierdie finale afrondingskursus vir die Diploma in Kerklike Bediening vind plaas nadat die studente drie maande lank praktiese werk in gemeentes onder mentorskap van die plaaslike predikant verrig het.

Die lesings handel onder meer oor gemeentelike vergaderingsprosedures, finansiële bestuur en administrasie, die NHSV, die Argief en Museum, die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, kerklike leierskap, en die vereistes vir predikante wat godsdienstige radio-uitsendings doen. Die proponentseksamen word aan die einde van Februarie afgelê, en die legitimasie vind op 8 Maart in die kerkgebou van Gemeente Pretoria plaas.

Ons wens hulle voorspoed toe met hierdie laaste fase voordat hulle beroepbaar gestel word.

Op die foto is van links na regs Annalize Rossouw, Suzelle Lange, Steve Oxton, Elritia le Roux en Rue Hopley. Elritia is reeds beroepafwagtend, nadat sy vroeër reeds haar studies voltooi het en sedert die begin van 2010 in Duitsland besig is met doktorale studie.

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mev Francis Nel